NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  Badseloop: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;
  Magaliesberg Jeugkampterrein: Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.

25 November 2022: Nr 41/2022

Warmnuus

❖ Universiteitsoord Eerstejaarskamp

* Eerstejaarskamp: *30 Januarie - 3 Februarie 2023.*
* Personeelkamp (senior studente): *27 - 29 Januarie 2023*
Al die inligting oor die kamp**:** https://www.universiteitsoord.co.za/eerstejaarskamp.

❖ Gapingsdekking

Alexander Forbes, die konsultante wat predikante en ander personeel se belange by Bestmed hanteer, stel 'n nuwe produk bekend. Hierdie produk help om die gaping tussen mediese fonds tariewe en die werklike koste van diensverskaffers te vul.
* Kliek hier vir 'n brosjure en 'n inligtingstuk van **Admed**. Kontak hulle gerus hieroor.

❖ 2023 Jaarboek



Net 'n beperkte voorraad beskikbaar!.

Goeie nuus: Hierdie jaar is daar geen prysverhoging nie.

Die Jaarboek verskaf al langer as 170 jaar belangrike inligting oor die NG Kerkfamilie aan predikante, kerkkantore en lidmate.

Bybel-Media, uitgewer van die Jaarboek van die NG Kerke, wil ook met hierdie publikasie gestalte gee aan sy leuse: Vennoot in geloof en bediening. **Meer inligting**

Sinodenuus

❖ Swart goud

Peet Crous, leraar van Lynnwood, skryf maandeliks vir ons 'n rubriek oor Ekologie. Hier volg die tweede bydrae: "*Die mensdom is so mobiel soos nog nooit in die geskiedenis nie; die gemiddelde Suid-Afrikaanse voertuig lê 19 000 kilometer per jaar af. Dis waarskynlik meer as wat meeste van ons voorouers in 'n leeftyd gereis het. Deel van ons beweeglikheid is dat ons maklik goed inry en wegry. Ons ry goedskiks braaihout en 'n deklaag vir ons grasperke in en sonder om te skroom laat ons grassnysels en takke wegry*." **Kliek hier** om verder te lees.

❖ Werkskepping

Prof Jurie van Vuuren (UP) skryf: "Werkloosheid in Suid Afrika lei tot groot sosiale probleme en kan sekerlik as die



hoof oorsaak van armoede bevestig word. Internasionaal is daar ‘n direkte korrelasie
Prof Jurie van Vuuren (UP) skryf: “Werkloosheid in Suid Afrika lei tot groot sosiale probleme en kan sekerlik as die hoof oorsaak van armoede bevestig word. Internasionaal is daar ‘n direkte korrelasie tussen die entrepreneuriese geneigdheid van ‘n bevolking en ekonomiese groei.”

Gemeentes wat wil betrokke raak by die Werkskeppingsprogram van die Noordelike Sinode wat by die Sinodesitting bekend gestel is, kan vir Maryke Venter, maryke@elpidatrust.co.za / 082 452 4517 of vir Paul Grobler, paul@noordsin.co.za / 082 653 5734 kontak. **Kliek hier** vir meer inligting.

❖ Tekslees met ‘n verskil

Dinsdag *29 November:* Lees uit **Jesaja 11**. Kontak vir Fanie Cronje by 083 415 1452.

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Beroepe

>>> Ryno Hurn [Valhalla] het ‘n beroep na *Kimberley-Harmonie* aanvaar. Sy afskeidspreek vind op Sondag *27 November* plaas.

<<< George Matthee (prop) het ‘n beroep na *Meerensee, Richardsbaai*, aanvaar.

<<< Heinrich Stapelberg [Florauna] het ‘n beroep na *Overkruin* aanvaar en hy word in Januarie 2023 bevestig.

❖ Afskeid

André Joubert [Eldoraigne] het Sondag *20 November* sy uittreepreek na vier-en-dertig jaar gelewer. André en Lizette verhuis na Durbanville, in die Wes-Kaap.

❖ Verjaarsdagwense

29/11 Marietjie Glas [Riviera-Jakaranda]
30/11 Cecil van der Merwe [Kerk-in-Suid]
01/12 Gert Badenhorst [Emeritus]
02/12 Johan Avenant [The Reeds]
Theo Oosthuyzen [Marikana]

02/12 Reineth Prinsloo [Eggenote van Gert Prinsloo, emeritus]
03/12 Elize Steyn [Eggenote van Nelius Steyn, Wonderboom]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae

Rustenburg-Suid [28/11/1958]
Chegutu [28/11/1975]
Florauna [01/12/1997]

❖ Stellastraat

Fay van Eeden [*leraar*] skryf: “Stellastraat gemeente skop komende Sondag-aand *[27 November]* **Advent** af met **Kersliedere by kerslig** en 'n **Eko-**

vriendelike kersmark. Kom sing kersliedere onder die sterre en kry vakansie-proviant en aarde-vriendelike kersgeskenke en -versierings. **Kliek hier:** https://www.stellastraat.co.za/

❖ Renosterpoort

Die gemeente vier eerskomende Sondag, *27 November*, hulle een-en-sestigste verjaarsdag. Dit is ook hul laaste erediens voordat hulle op *4 Desember* een word met Pietersburg-Noord.

❖ "Relay for Life"

Die **Ring van Sesmylspruit** skryf: "Die gemeentes ring bied van *2-3 Desember* 'n *KANSA relay for life* aan, waartydens ons die stryd van Kankerstryders en -versorgers vier.
* **Video**: https://www.youtube.com/watch?v=NA4h9srDghQ
* **Inskrywings en info**: https://bit.ly/CANSArfl22

❖ Zebediela bedieningspunt

Willem Pelser [Koedoeskop] skryf die volgende**:** *"Onder ons leiding het daar 'n nuwe gemeente in Thusang, net buite Roedtan ontstaan met 'n Evangelis wat die dienste waarneem. Die gemeente het nou uitgebrei en hulle begin op 18 Desember 'n nuwe bediening op Zebediela, ongeveer 50km daarvandaan. Daar is baie meer mense wat bedien kan word. Die dienste gaan in die Gemeenskapsaal gehou word.*
Ons benodig ongeveer 100 stoele en so 4 tafels. Indien daar iemand is wat oortollige stoele of tafels het wat hulle wil skenk, kan hulle my skakel op 083 276 5141."

Toerusting

❖ Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

Navrae: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za / http://www.excelsus.org.za/

Jeugbediening (gevorderde kursus)
Kursus aangebied deur die Sentrum vir Geloof en Gemeenskap by UP.
15 – 19 Januarie 2023; *Verhandeling Maart 2023* [**Kliek hier** vir volledige inligting]

Ander nuus

❖ Bybel-Media

Impakstories: Hier is 'n spesiale "agter die skerms"-kykie na alles wat Bybel-Media vermag.
* **Jaarverslag**: **Kliek hier;**
* **KinderKersKous**: **Kliek hier**; Lees ook die artikel in die Kerkbode: **kliek hier**;
* **Boodskap vir vandag**: **Kliek hier;**

❖ Kerkbode

Kerkbode se gedrukte uitgawe verskyn vanaf Maart 2023 as 'n lekkerlees maandblad. Lesers kan nou daarop inteken (3% afslag geld tot 1 Desember 2022).
Deur in te teken ondersteun jy *Kerkbode* se volhoubaarheid. Dit is maklik, vinnig en veilig. Volg net die instruksies by hierdie skakel: https://kerkbode.christians.co.za/bestel/.

❖ Bybelgenootskap

Afrikaanse Bybel nou in braille beskikbaar: **Rodney van Wyk** van die Bybelgenootskap het vandeesmaand die eerste braille Bybel in die Afrikaanse 2020-vertaling aan André Steyn, een van die inwoners van Innovation for the Blind in Worcester, oorhandig. [Kliek hier en lees verder]

❖ CLF

Week van gebed 2023: Die Christelike Lektuurfonds (CLF) skryf: "Beide die Afrikaanse en Engelse weergawes van die Week van gebed 2023 is op CLF se Hulpbronsentrum gratis aflaaibaar - https://clf.co.za/resource-toolkit/ ".

Nuwe publikasie: Mission the "labour room" of theology – Skrywer: Johannes Knoetze. Koop dit aanlyn – **kliek hier**.

❖ Vakatures

Kerkbode: Kliek hier vir die vakatures in die elektroniese Kerkbode.

Stellastraat: Voltydse Leraarspos - Die gemeente is geleë in die ou Ooste van Pretoria, wat Menlopark, Ashlea Gardens, Maroelana, dele van Waterkloof, Waterkloofhoogte, Newlands en Brooklyn insluit. Daar het die laaste paar jaar redelike groot demografiese veranderinge binne die gemeentegrense van Stellastraat plaasgevind, en die proses is voortgaande. Volgens die databasis van die gemeente is daar tans 3220 lidmate - waarvan 'n beduidende persentasie onder 35 is.
Aansoeke: Belangstellendes gaan asseblief na die volgende skakel vir inligting oor wat van aansoekers verlang word: *http://www.stellastraat.co.za/aansoeke*. Voornemende aansoekers wat meer inligting wil bekom, kan enige tyd een van die vier huidige leraars of die administratiewe bestuurder, Malan Nel, *malannelup@gmail.com* kontak. **Kliek hier** vir die volledige advertensie. Aansoeke sluit *8 Januarie 2023*.

Môregloed: Leraarspos [vastetermyn 3 jaar] - Die gemeente is 'n tipiese voorstedelike gemeente in die Noord-Oostelike deel van Pretoria (bekend as die Moot), wat gedurende November 1958 tot stand gekom het en tans uit ongeveer 260 belydende en 38 dooplidmate bestaan. Die gemiddelde ouderdom van lidmate is ongeveer 55 jaar.
Kliek hier vir die volledige advertensie. Aansoeke sluit op *31 Januarie 2023* om 00h00.

Naskrif

Die ***16 Dae van Aktivisme*** is 'n wêreldwye veldtog om geweld teenoor vroue en kinders te bekamp.
Die veldtog begin op **25 November** en loop op **10 Desember** ten einde.